# DIE HART VAN DIE MENS

Deel 1

Ek wil graag oor iets gesels wat baie ná aan my hart is, en iets wat my eie lewe radikaal verander het. Dit is iets wat die Here in Zimbabwe aan my openbaar het, 'n tema waaroor ek as 'n gevolg vir ses maande lank in die NG Kerk bedien het. Hoe meer ek daaroor gepreek het, hoe meer het die boodskap my eie lewe begin verander. Die boodskap is dit wat die Bybel te sê het oor die HART van die mens.

Kom ons begin in Matthéüs hoofstuk 15. Jesus praat hier en Hy sê,

> *Matt 15:8"Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle harte is ver van My af."*

Die vers voor dit, sê,

> *Matt 15:7"Geveinstes, tereg het **Jesaja** oor julle geprofeteer, toe hy gesê het ..."*

**Jesus verwys na Jesaja**

Kom ons kyk dan 'n bietjie na wat Jesaja hieroor te sê gehad het. Ons lees hiervan in Jesaja hoofstuk 1

> *Jes 1:11 "Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers, sê YHWH. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie.*

*1:12 "As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle vereis om my voorhowe te vertrap?*

*1:13 "Bring nie meer* ***skeinheilige*** *offergawes nie* (daar is 'n kern punt: skeinheilig)*;* ***gruwelike reukwerk*** *is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste - Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie!*

*1:14 "Julle nuwe mane en julle feestye haat My siel* (onthou, dit is **YHWH** wat hier praat)*; hulle is vir My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra.*

*1:15 "En as julle julle hande uitbrei* (dus om te bid)*, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig* (met ander woorde baie gebede)*, luister Ek nie: julle hande is vol bloed.*

*1:16 "Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen.*

*1:17 "Leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.*

*1:18 "Kom nou en dat ons die saak uitmaak, sê YHWH: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."*

Die Here praat baie sterk hier, maar Hy bied ook vergifnis. *"Al was julle sondes soos skarlaken, sal dit wit*

*word soos sneeu."* Hy bied vir ons vergifnis, maar kom ons kyk na die kern van hierdie saak.

Ons gaan weer terug na Matthéüs hoofstuk 15.

> *Matt 15:8"Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle **hart** is ver van My af."*

Vriende, die Here soek ons *harte*. Wat gaan hier binne my hart en jou hart aan? 'n Bietjie verder aan in vers 18, sê Hy:

> *Matt 15:18 "Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is díe wat die mens onrein maak.*
>
> *15:19 "Want uit die hart kom daar slegte gedagtes* (dis waar dit begin)*, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal.*
>
> *15:20 "Dit is hierdie dinge wat die mens onrein maak; maar om met ongewaste hande te eet, maak die mens nie onrein nie."*

Hierdie gedeelte kom in verband met die klagte van die Fariseërs dat die dissipels met ongewaste hande geëet het toe hulle koring gepluk en geëet het. Jesus verwys dus na Skrifte om te toon dat dit nie ongewaste hande is wat 'n mens se hart onrein maak nie; dit is wat hier binne gebeur, die dinge wat binne ons harte aangaan.

## Die hart het stomp geword

Ek gaan 'n bietjie terug na hoofstuk 13 van Matthéüs. Dit is weer Jesus wat hier praat.

*Matt 13:14 "En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul* (daar is Jesaja weer) *wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk en glad nie sien nie.*

*13:15 "Want* ***die hart*** *van hierdie volk het* ***stomp geword****, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie."*

Daar is 'n paar dinge wat ek goed kan doen, maar een plek waar ek regtig nie goed is nie, is in die kombuis. My vroutjie is baie goed in die kombuis. Sy maak baie lekker kos en ek is heeltemal gelukkig. Ek kan en wil nie daar kompeteer nie. Maar ek weet wel dít van die kombuis: jy kan nie tamaties met 'n stomp mes sny nie, dit wil net nie ingaan nie.

Vriende, die Here wil ons gebruik, maar die mes is stomp; die hart is stomp. Ons hoor nie meer Sy stem nie. Ons ken nie die stem van die Heilige Gees nie. Met hoeveel gelowiges het ek nie al deur die jare gepraat nie, wat vra, *"Hoe hoor jy die stem van die Here?"* Met ander woorde, dit is 'n algemene probleem onder gelowiges – hulle ken nie die stem van God nie.

Kom ons kyk na Johannes hoofstuk 12. Hier is 'n interessante gedeelte. Ons lees hier waar Jesus in die algemeen bid, en Hy sê,

*Joh 12:28 "Vader, verheerlik u Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik."*

Met ander woorde, God die Vader antwoord Jesus met 'n hoorbare stem wat die hele skare kan hoor. Die volgende versie lees so:

> *12:29 "En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het. Ander het gesê: 'n Engel het met Hom gespreek."*

Hoe weet ons wat Jesus daar gebid het? Of wat die Vader geantwoord het? Die dissipels het dit natuurlik gehoor, dit onthou, en dit later neergeskryf. Maar hoe is dit dat die skare wat dieselfde woorde hoor, sê dat dit miskien donderweer was? Hulle ken nie God se stem nie, en wanneer dit duidelik hoorbaar is, skryf hulle dit eerder toe aan toevallige dondeerweer. Hulle harte is *stomp*!

Vriende, ek wonder hoeveel keer die Vader nie al met ons gepraat het, of die Heilige Gees met ons gepraat het nie, en ons dit aan donderweer toeskryf nie – iets toevallig wat miskien nou gebeur het. Ons kyk om en wonder, het daar iets gebeur? Hierdie verwys na ore en harte wat stomp is; ons hoor nie meer die stem van die Heilige Gees nie. Jesus sê verder:

> *Joh 10:27"My skape luister na my stem ..."*

Met ander woorde, ons is veronderstel om die stem van die Heilige Gees te hoor. In die boek van Openbaring hoofstuk 2 en 3, vind ons dat die Here sewe sendbriewe deur Johannes na die sewe gemeentes uitstuur. Aan elke gemeente is 'n spesifieke boodskap gestuur, maar elkeen van daardie sewe boodskappe eindig met hierdie selfde woorde: *"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeente sê."* Die Heilige Gees is dus besig om te praat. Het ek en jy ore om te hoor?

Jesus praat ook daaroor in die saligsprekinge, en Hy sê, *"Hy wat ore het om te hoor, laat hom hoor."* Hy gebruik hierdie selfde woorde. Het ons ore om te hoor, of is ons hart en geestelike ore stomp?

**Samuel**

Daar is 'n pragtige verhaal in die Ou Testament in die eerste boek van Samuel. Ons lees in die eerste paar hoofstukke van Samuel se ma, Hanna. Díe vrou kon nie kinders hê nie, en dit het haar baie gepla. Op 'n dag toe die familie na die tabernakel toe gaan, gaan sy voor die Here en sy huil bitterlik voor Hom. Sy sê, *"Here, gee tog vir my 'n seunskind asseblief, en as U vir my 'n seunskind gee, dan sal ek my kind aan U toewy vir die res van sy lewe."*

Dis 'n gelofte wat sy aan God maak. Dis 'n groot ding daardie. Eli, die hoë priester, sien hoe sy bid, maar hy sien net haar lippe beweeg, en hy dink sy is dronk. Hy kom na haar en hy sê, *"Hoe lank gaan jy aanhou drink? Sit die drank van jou af weg."*

Hanna antwoord hom, *"Nee, my heer, ek is nie dronk nie. Hou my nie vir 'n deugniet nie. Ek het my gebed voor YHWH gebring, uit die diepte van my hart huil ek voor Hom. En ek het vir Hom iets baie spesifiek gevra."*

Eli gee vir haar 'n profetiese woord, Hy sê: *"Mag die Here jou gee dit waarvoor jy gebid het."*

Die Skrif sê dat Hanna daar opgestaan het en *"haar gesig was anders"*. Sy het hierdie woord in *geloof geneem*; haar gesig was anders en sy het in vreugde teruggegaan huis toe. Dit was nie lank daarna nie, dat sy swanger

raak en klein Samueltjie is gebore. Sy het vir Samuel eers gespeen; ek weet nie hoe lank dit vir hulle geneem het nie, miskien drie jaar.

Na Samuel gespeen is, kom sy saam met haar man, Elkana, en hierdie klein kindjie na die tabernakel toe. Sy kom voor Eli en sê, *"My heer, u onthou seker daardie dag toe ek hier gebid het? Hierdie is die kind waarvoor ek daardie dag gebid het. Ek wy hom nou vir die res van sy lewe aan YHWH toe, volgens die belofte wat ek daardie dag aan YHWH gemaak het."*

Sy los daardie kind by Eli. Ek weet nie wat Eli daarvan gedink het nie, want hy is nou verantwoordlik vir hierdie klein seuntjie wat aan YHWH toegewy is, en wat nou in die tabernakel moet grootword.

Klein Samueltjie word in die teenwoordigheid van YHWH groot. Dis waar hy elke nag slaap; dis waar hy dag en nag bly – in die teenwoordigheid van YHWH. Die Bybel sê nie vir ons hoe oud Samueltjie was nie, maar een aand lê Samuel op sy bed en hy hoor YHWH roep. *"Samuel, Samuel."*

Samuel dink dit is die hoë priester wat hom roep. Hy spring uit die bed uit en hardloop na Eli toe en hy sê, *"Hier is ek, want u het my geroep."*

Eli sê, *"Nee, ek het jou nie geroep nie. Gaan maar terug en gaan slaap."*

Samuel gaan klim terug in sy bed. Dit is nie lank nie, of YHWH roep hom weer. *"Samuel, Samuel."*

Samuel is nie verwaand nie. Hy spring uit die bed uit en gaan weer vinnig na Eli toe en sê, *"Hier is ek, want u het my geroep."*

Eli sê, *"Nee, ek het jou nie geroep nie. Gaan slaap maar weer."*

Samuel gaan klim weer terug in sy bed en dis nie lank nie voor die Vader hom die derde keer weer roep. *"Samuel, Samuel."*

Weereens spring Samuel uit sy bed uit en hardloop na Eli en hy sê, *"Hier is ek, u het my geroep."*

Die hoë priester, Eli, begin besef dat hierdie YHWH is wat vir Samuel roep. Hy sê vir Samuel, *"Gaan nou terug na jou bed, en as YHWH vir jou roep, sê vir Hom: 'Spreek, YHWH, U dienskneg luister.'"*

Kan jy jou indink, daardie klein seuntjie klim in sy bed. Hy is wa-wyd wakker. **YHWH** gaan met hom praat. Hy lê daar en wag vir YHWH om te praat. Hy wag nie lank nie voor hy die Stem weer hoor, *"Samuel, Samuel."*

*"Spreek, YHWH, U dienskneg luister,"* sê die klein seuntjie. YHWH gee vir hierdie kind van miskien vier of vyf jaar oud, 'n dinamiese profetiese woord vir die nasie, asook 'n ernstige boodskap van vermaning teen die hoë priester, Eli.

Vriende, die boodskap wat ek hiermee wil uitbring, is dit: Eli was die hoë priester van Israel. Hy was Godsman vir die volk; hy was *verantwoordelik vir die geestelike toestand van die nasie van Israel*, God se volk. Dit neem hierdie Godsman, die geeërde hoë priester, *drie keer*

*voordat hy besef dat YHWH besig is om te praat*. Maar *die kind hoor YHWH se stem die eerste keer*, en hy is *onmiddelik gehoorsaam* om *daarop te reageer*, sonder teëspraak of verwaandheid. Geen wonder Jesus gesê het dat ons soos kinders moet wees nie. Ons moet sagte harte soos kinders hê sodat ons Sy stem duidelik kan hoor en in gehoorsaamheid onmiddelik daarop kan reageer.

En ek sê, *"Here, laat ek soos 'n kind wees. Ek wil U stem elke keer duidelik hoor."*

**Die gemeente van die laaste dae**

Ek dink ons is in dieselfde situasie in hierdie laaste dae; ons het baie godsdienstige dinge wat om ons aangaan, maar die leiers van die godsdiens hoor dikwels nie meer God se stem nie. *Ons het kinders nodig* – mense wie se *harte sag is* – *oop is vir die Heilige Gees* om Sy stem te kan hoor, en nie net om godsdienstige dinge te doen nie. Ons vind dat Paulus in 2 Timothéüs 3 'n waarskuwing oor die laaste dae gee.

> *2Tim 3:1 "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom.*
>
> *3:2 "Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hul ouers, ondankbaar, onheilig ..."*

(In die volgende paar verse noem hy dan 'n lang lys sondes wat ons in die laaste dae sal teëkom, wat ook, volgens Paulus, die oorsaak is van die swaar tye wat kom.)

‘n Deel van daardie lang lys sondes vind ons in vers 5. Hy sê:

> *3:5 "Mense wat ‘n **gedaante van godsaligheid** het, maar die krag daarvan verloën het."*

Die *gedaante* van godsaligheid. Daar is ‘n *masker* oor. Dit lyk asof ons godsdienstige mense is, maar daar is nie meer krag nie. Daar is nie meer *realiteit van ‘n verhouding met Jesus Christus* nie. Dis net ‘n *godsdiens*. En vriende, volgens Paulus, is dit een van die redes hoekom daar probleme is – moeilike tye - in hierdie laaste dae.

In Openbaring lees ons,

> *Open 3:1* "Jy het ‘n naam dat jy leef, maar jy is dood."

In die laaste van die sewe sendingbriewe aan die gemeentes, die brief aan Laodicéa (Open 3:14-22), wat ook die gemeente van die laaste dae verteenwordig, sê Jesus vir hulle dat hulle *lou* is, en dat Hy hulle dus *uit Sy mond gaan spuug*.

Ons hou vas aan ‘n *godsdiens* – ‘n *naam dat ons leef*, maar die *hart is koud teenoor Jesus*. Vriende, hierdie is ernstige woorde.

### Die skat van die hart, en sy vrug

Kom ons kyk verder na Matthéüs hoofstuk 12. Dit is weer Jesus wat hier praat, en Hy sê:

> *Matt 12:33 "Julle moet óf die boom goed maak en sy vrugte goed, óf julle moet die boom sleg maak en*

*sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken.*

*12:34 "Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want **uit die oorvloed van die hart praat die mond**."*

Uit die oorvloed van die hart praat die mond. Wat hier binne my hart aangaan, is wat ook uit my mond sal kom.

*12:35 "Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn."*

Vriende, *wat ons in ons hart in saai, dit is wat uit ons mond uitkom*. En wat ons praat, dit is wie ons word – dit is die rigting waarin ons gaan.

Jakobus praat van die tong. Hy sê die tong is soos die roer van 'n skip. Al is die skip in groot waters wat deur die see en die wind en die golwe *"voortgedryf word, word die skip nog gestuur deur 'n baie klein roer, net waarheen die stuurman wil." (Jak 3:4)* Daardie roer gee vir die skip rigting.

Die tong is dieselfde. Wat hier uit die mond uitkom, gee rigting vir ons lewe. En vriende, wat hier uit die mond uitkom, kom uit die hart. Wat ons in ons hart gesaai het, kom uit ons mond uit. En wat hier uitkom, gee rigting vir ons lewe. *Wees versigtig wat jy in jou hart in saai*.

Ek en my vrou ry eenkeer saam met 'n pragtige, Christelike dame in die Vrystaat; ons is passasiers, sy bestuur, dis haar kar. Ons ry deur 'n outomatiese hek, en net terwyl die vroutjie deur daardie hek ry, begin die

hek toemaak. Sy skrik en sonder om te dink vloek sy! Toe daardie vloekwoordjie uit is, besef sy ons is in die kar. Sy kry toe skaam en vra om verskoning, *"Ek het nie bedoel om daardie woord te sê nie, ek het maar net geskrik."*

Terwyl sy verskonings maak, dink ek, *"Daardie woordjie was lankal al in die hart gesaai – dit is die druk wat dit uitgebring het."*

Want vriende, wat hier binne ons hart is, gaan uitkom wanneer ons onder druk verkeer. Dit is wat rigting gee vir ons lewe, wat ons in ons harte gesaai het. Wees versigtig wat jy in jou hart saai.

**Die tafel van die hart**

Kom ons gaan weer terug na die Ou Testament en ons gaan kyk na Jeremia hoofstuk 17.

> *Jer 17:1 "Die sonde van Juda is geskrywe met 'n ystergriffel, met 'n diamantpunt; dit is gegrif op die tafel van hulle hart en op die horings van julle altare – "*

Die sonde. Wie is Juda? Dit is die Jode, twee stamme van Juda en Benjamin – God se volk. Hy praat van die *sonde van God se volk*. Daardie sonde is uitgegrif, uitgekrap met 'n ystergriffel op die *tafel van hul harte*. Dis hier in ons harte geskryf.

In daardie dae het hulle klei geneem en blokke daarvan gemaak. En terwyl die klei nog sag was, het hulle met 'n ystergriffel geskryf wat hulle ookal wou skryf. En dan het hulle daardie tablet geneem en dit in 'n oond gebak sodat

dit hard word. As dit dan eers hard was en daardie geskrywe daarin was, was dit in, vriende. Dit kon onmoontlik nie weer uitkom nie.

Ek weet nie of julle gedoen het wat ek gedoen het toe ek op hoërskool was nie. Ons het hout lessenaars gehad, en ek is seker daar is 'n hele paar lessenaars in Milton Hoërskool in Bulawayo, Zimbabwe, waarop *H Jackson* gegraveer is. Vriende, as jy so iets doen, en jy besef jy het 'n fout gemaak, kan jy nie net 'n uitveër neem en dit gou uitvee nie. *Hy is in*. En wat in is, is in, en dit bly daar as 'n ewige getuienis van wat jy gedoen het.

Vriende, daar is dinge wat ons gedoen het, of wat aan ons gedoen is, wat jy wens nie gebeur het nie. Daar is dinge wat jy wens jy nooit gedoen het nie, maar jy hét dit gedoen. Hy is daar, hy is ingegraveer.

Party van daardie dinge is baie seer dinge. Party mense is aangerand as kind, verkrag deur familielede, of ander verskriklike dinge wat met jou gebeur het. Of miskien is daar verskriklike dinge wat jý self gedoen het, sondes wat jy gepleeg het, en jy wens, *"Ag Here, as ek dit maar tog nie gedoen het nie, maar ek hét dit gedoen. Dit is hier in my hart gegraveer."* Ek wil 'n belangrike vraag vra:

*"Is dit moontlik om daardie gravering uit te vee? Is dit moontlik?"*

Vriende, in die volgende boodskap van hierdie reeks gaan ek meer hierna kyk. Ek vra dan nog 'n vraag, *"As dit moontlik is, hoe werk dit?"*

**Bedrieglik is die hart**

Kom ons kyk ‛n bietjie dieper na wat die Bybel te sê het oor die hart. In vers 9 van Jeremia 17, gaan die profeet verder en hy sê,

> *Jer 17:9 "**Bedrieglik** is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?*
>
> *17:10 "Ek, YHWH, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen **te gee na sy weë**, volgens die vrug van sy handelinge."*

Met ander woorde jy gaan maai wat jy gesaai het. Daardie oes gaan jy maai. Maar hy sê: *"Bedrieglik is die hart ..." Bedreiglik.* Kan ek jou vra,

*"Van wie se hart praat hy daar?"*

Seker daardie mense daar buite.

Bedrieglik is die hart. *Wie se hart*?

Toe die Here vir my hierdie dinge wys, het ek vir ses maande hieroor gepreek; en hoe meer ek hieroor preek, hoe meer besef ek die Here is eintlik besig om met *my* te praat oor *my hart*. Ek, die dominee, ek, die pastoor, dit was *my hart* wat nie reg was nie.

Wat beteken die woord *bedrieglik*? Dink daaroor. *Bedrieglik.*

Veronderstel ek het ‛n ou kar wat 500 000 km op die afstandsmeter het, en ek wil hom verkoop. Ek was hom mooi skoon en poleer sy wiele en ek draai die lesing van

die afstandsmeter terug na 120 000 km toe. Dis mos nou bedrog. Dit is *bedrieglik.*

Maar kom ons dink hieroor. Wat doen ek eintlik? Ek vertoon 'n kar wat lyk asof dit goed is, maar vriende, onder daardie enjinkap draai die duiwel rond.

'n Bedrieglike hart beteken dat ek 'n *masker* dra. Ek wil hê mense moet dink ek is oulik – 'n *goeie godsdienstige mens*. Ons sit *maskers* op; ons is in die kerk, ons is netjies aangetrek. Ons is elke Sondag daar. Ons doen dinge wat blyk asof dit goed is. Ons is mos 'n godsdienstige volk. Maar vriende, *hoe lyk die hart.* Wat gaan daar diep binne aan? *Bedrieglik beteken ek verberg die sondes wat daar is*. Niemand weet wat aangaan nie. Ek verberg dit. *Ek dra 'n masker*. Ek laat dit voorkom asof ek 'n goeie mens is.

Vriende, soos ek voorheen gevra het,

*"Van wie se hart praat hy?"*

My hart, en jou hart.

Ons, as godsdienstige volk, het 'n neiging om 'n masker te dra. En ons moet versigtig wees. As ek verder in Jeremia 37 lees, lees ek waar Jeremia met die volk van Israel praat, waar hy hulle waarsku,

*"Julle is besig met verkeerde dinge, julle moet terug keer."*

**Bedrieg julleself nie**

Hy sê vir hulle dat as hulle nie terugkeer nie, gaan die Chaldeërs, die mense van Babilon, kom en hul stad verwoes. En dan sê hy,

> *Jer 37:9 "So spreek YHWH: **Bedrieg julleself nie** deur te sê: Die Chaldeërs sal sekerlik van ons af wegtrek – want hulle sal nie wegtrek nie."*

> *"Bedrieg julleself nie ..."*

Dit is interessant, want 'n mens kan dink dat jy iemand anders sou kon bedrieg, maar om *jouself* te bedrieg met leuens, met dinge wat nie waar is nie, is eienaardig. Dat jy uiteindelik jou eie leun storie so sterk glo asof dit waarheid is, maar dit is nie die waarheid nie, dit is leuens.

*"Bedrieg julleself nie."*

Hoe het hierdie Jode hulleself bedrieg?

1. Ons is mos *Jode*, ons is *God se volk*. Daar is geen manier wat hierdie Chaldeërs gaan kom nie, want God gaan ons beskerm – ons is mos Sy volk.
2. Ons bly in *Jerusalem* – *God se stad*. Daar is geen manier dat hierdie Chaldeërs gaan kom nie. God gaan ons beskerm, ons is veilig.
3. *Die tempel* van Salomo is hier in hierdie stad. Dit is *God se woning*, God se teenwoordigheid is daar. Die Chaldeërs gaan beslis nie hier inkom nie. God gaan ons beskerm want Sy teenwoordigheid is hier. Ons is 'OK'.

Maar hier is die bedrog, vriend – *"Ons kan doen wat ons wil, ons kan leef soos ons wil want ons is mos 'n godsdienstige volk, ons Afrikaner mense. God gaan ons beskerm."* Hy gaan mos nie toelaat dat ander bose mense slegte dinge aan ons doen of oor ons regeer nie. Ons is veilig omdat ons 'n godsdienstige volk is. Nee, vriend, dit is self-bedrog.

Ons sê en dink dat ons godsdienstig is, maar intussen doen ons dinge wat gruwelik is voor die Here. Ons vier ons sabbatte, ja; ons hou ons samekomste, ja; ons het ons sogenaamde mooi dinge wat ons doen, ja; maar *hoe lyk ons harte?* Waar is ons harte? Waar is jou hart? *Hoe is jou persoonlike verhouding met Jesus Christus?* Of is dit net 'n *godsdiens* wat jy het? Hoe lyk dit daar diep binne, in jou hart?

Wat lei ons na bedrog van die hart?

Die boek van Obadja is 'n klein profetiese boek in die Ou Testament. Díe boek het net een hoofstuk. Obadja spreek teen die Edomiete – die nageslag van Esau.

> *Obad 1:3 "Die **vermetelheid van jou hart** het jou bedrieg ..."*

Wat beteken die woord *vermetelheid?* Hoogmoed, arrogansie. *Hoogmoed en arrogansie bedrieg jou eie hart*. Die Bybel sê 'n paar keer vir ons dat hoogmoed ons na 'n val toe lei. Die duiwel self het uit die hemel uitgeval, hoekom? Deur sy hoogmoed. En hy teister ons, hy versoek ons deur dieselfde ding – deur hoogmoed. Hy weet dat as hy ons hoogmoedig kan kry, deur vir ons te oortuig van watter *"goeie, godsdienstige mense ons is,"* en hoe *"God dan mos aan ons kant is,"* gaan ons foute

maak. Dan gaan ons ‛n *masker* aansit. Dit gaan blyk of ons oulik is, maar in werklikheid is dinge binne ons harte nie reg nie. *Ons bedrieg onsself*.

Vriende, *wees versigtig vir hoogmoed*. Wees versigtig, want dit is waar die bedrieglikheid van die hart begin.

**Die verlore seun**

Ek wil vandag se boodskap afsluit met ‛n verhaal in Lukas 15. Jesus vertel die verhaal van die verlore seun. Julle ken die verhaal. Hierdie seun het probleme in sy huis gehad – die Bybel sê nie vir ons wat daardie probleme was nie. Maar hierdie seun sê vir sy pa,

*"Gee my my erfdeel, ek wil gaan."*

Sy pa gee dit vir hom, en hy is weg.

Maar vriende, as jy met so ‛n verkeerde gesindheid begin, en daar is hoogmoed en arrogansie en geldgierigheid betrokke, kan jy weet jy is oppad na die afgrond toe. En waar daardie seun gaan, gaan hy net verder en verder agteruit totdat hy uiteindelik geen geld oor het nie, en geen vriende meer oor het nie, en uiteindelik het hy nie kos om te eet nie en hy moet gaan bedel en vir werk gaan soek.

Hy kry uiteindelik werk by ‛n boer om *varke* op te pas. Stel jou nou net voor dat hierdie Joodse jong man *varke moet oppas*. Hierdie onreine diere moet hy oppas. Dit is die laagste van die laagste van werk vir ‛n Joodse seun. En daar sit hy in die varkhok.

Ek noem dit die *kosbare varkhok*. Daar is tye wanneer die Here ons na 'n plek bring, na 'n *varkhok*; na 'n *woestyn.* Ons dink dit is 'n verskriklike plek, maar dit is *juis daar* waar ons die Here ontmoet, Sy stem hoor, en uit eindelik tot ons sinne kom.

Hoeveel keer praat die Bybel nie van die woestyn nie. Hy lei ons doelgerig na die woestyn. Hosea vertel vir ons van die woestyn. YHWH lei Sy volk na die woestyn toe en daar in die woestyn praat Hy met hulle hart (Hosea 2:13).

Hierdie jong man is in die varkhok. En hy is honger. Hy wens hy kan van die kos eet wat die varke eet, dit is hoe honger hy is. En daar, sê die Bybel, *kom hy tot sy sinne*. En hy sê vir homself, *"Ek gaan terug na my Vader toe. En ek gaan vir Hom sê, 'Vader, ek het gesondig, vergewe my.'"*

Hierdie plek van eerlikheid is dan waar die gegraveerde hart se herstel proses begin.

Vader, *ek* het gesondig. Vergewe *my* asseblief.

In Deel 2 sal ons die hart se herstel proses verder bespreek.